WESKUSKOS

Musiek: Marie Tredoux
Teks: Marie Tredoux

Ek vra net ’n broodjie en ’n Weskusvis
En ek eet my pure blinkbek aan die koningsdis
En ek wonder hoeveel konings het al hierdie kos geproe
En ek wonder of hulle ooit weet dat dit lekker is

Gooi ’n trossie druiwe by
’n Skyfie waatlemoen
’n Adamsvy, ’n soet spanspek
Staan nader dat ek jou kan soen

Ek vra net ’n harder en ’n geel patat
En ek maak my lippe met die swart moerkoffie nat
En ek suig so suinig-suinig aan die bruin korrelkonfyt
En ek repies-ryg die bokkom in vir lekkergeit

Gooi ’n trossie druiwe by
’n Skyfie waatlemoen
’n Adamsvy, ’n soet spanspek
Staan nader dat ek jou kan soen

Ek vra net ’n krefie en ’n perlemoen
En die lekker wat dit aan ’n maag en siel kan doen
Mens kraak net al die beentjies oop
En pluis die kossies uit
En die kerrie vee jy met ’n hompie bruinbrood uit

Gooi ’n trossie druiwe by
’n Skyfie waatlemoen
’n Adamsvy, ’n soet spanspek
Staan nader dat ek jou kan soen

Ek vra net ’n broodjie en ’n Weskusvis
En ek eet my pure blinkbek aan die koningsdis
En ek wonder hoeveel konings het al hierdie kos geproe
En ek wonder of hulle ooit weet dat dit lekker is.